

South African
Reserve Bank

Suid-Afrikaanse
Reserwebank

South Africa's balance of payments, 1956–1975

Suid-Afrika se betalingsbalans, 1956–1975

Supplement to the South African Reserve Bank
Quarterly Bulletin, March 1977

Bylaag tot die Suid-Afrikaanse Reserwebank
Kwartaalblad, Maart 1977

South Africa's balance of payments, 1956–1975

The South African Reserve Bank regularly revises the country's balance of payments statistics for the preceding year or two to incorporate information that has become available after the first estimates were published. As a result of changes in concepts and definitions, developments in the international payments mechanism and continuous improvement of the basic information, it is from time to time also essential to make major revisions to the balance of payments series for a longer period to ensure comparability over time. The last major revision of South Africa's quarterly and annual balance of payments statistics was made during the course of 1970 and published as a supplement to the *Quarterly Bulletin* of March 1971. Since then the Reserve Bank has taken a second Census of Foreign Transactions, Liabilities and Assets to establish new benchmarks for the compilation of the balance of payments and international investment position of South Africa. Certain concepts used in the compilation of balance of payments figures up to that stage were also changed when this census was taken in respect of 1973. Mainly owing to improved statistical information obtained from the results of the census, it was decided to revise the balance of payments statistics back to 1956, i.e. the year covered by the first Census of Foreign Transactions, Liabilities and Assets.

The revised annual and quarterly balance of payments figures are published in Tables 1 to 7 of this Supplement. Table 8 contains revised monthly figures on the gold and other foreign reserves, which are now based on a uniform conversion of all foreign reserves into rand at the middle market rates of exchange at the end of a specific month. Formerly, various practices were followed by the different institutions in converting their foreign reserves into rand. The presentation of the balance of payments statistics has also been changed considerably in these tables. Before discussing the latter changes, a brief description is given of the main improvements to the statistics incorporated in the revision.

Improvements to statistical data

The current revision of South Africa's balance of payments data endeavours to improve the reliability of the various components as far as possible. As indicated above, these improvements have, in particular, been

made possible by the results of the second Census of Foreign Transactions, Liabilities and Assets. Up to 1973 the calculations of many of South Africa's invisible payments and receipts, such as dividends, interest, branch balances, royalties, professional services, advertising, film rentals, directors' fees and head office expenditures, were based on the results of the first Census of Foreign Transactions, Liabilities and Assets which had been taken in 1957, updated by annual and quarterly sample surveys. As time elapsed, the mark-ups established on the basis of the results of the first census, naturally, became less reliable. It therefore became desirable to take another census in order to establish new benchmarks and new mark-ups for the compilation of particular balance of payments series. The revised series of the relevant invisible payments and receipts are now based on the results of the first and second censuses, instead of the results of the first census updated by means of annual sample surveys.

The definition of the term direct investment was also changed when the second census was taken, with the result that the series of receipts and payments in respect of interest and dividends on such investment since 1973 have not been strictly comparable with the figures for years up to 1972. In the first census, direct investment was defined in the case of foreign liabilities, as *all* investment of foreigners in organisations in South Africa in which control was exercised from abroad and, in the case of foreign assets, as *all* investment by South African residents in organisations in foreign countries in which control was exercised from South Africa. In the second census direct investment was defined as (a) the total investment of foreigners who have a controlling interest in organisations in South Africa and the investment, in these organisations, of their affiliates or allied organisations or persons in foreign countries; and (b) the total investment of South African residents in organisations in foreign countries in which they have a controlling interest and the investment, in these foreign organisations, of their affiliates and allied organisations or persons in South Africa. The term direct investment in the second census was, therefore, limited to investment of the controlling person or organisation, its affiliates and allied organisations or persons, whereas in the first census it comprised *all* investment of foreigners in

foreign controlled South African organisations or *all* investment of South Africans in South African controlled foreign organisations. The revised series of interest and dividend payments and receipts published in Table 4, are now comparable over time.

In addition to changes in the statistics which came about as a result of the second Census of Foreign Transactions, Liabilities and Assets, tourist expenditure and receipts were also revised substantially. Formerly the information on tourist expenditure and receipts was obtained from a return completed by foreign tourists when they departed from South Africa and by returning South African residents when they arrived in South Africa. In analysing the information obtained in this way, it became increasingly apparent that these statistics were becoming less reliable. Consequently, a survey of foreign tourist expenditure in South Africa was undertaken at the end of 1974 and the results of this survey were used to revise the data on foreign tourist expenditure in South Africa. The expenditure by South African tourists in foreign countries was also revised by taking into consideration only fully completed questionnaires by South Africans when they returned to the country.

Refinements were also made to other balance of payments statistics, e.g., the data on passenger fares are now based on information obtained from the various airlines; data on the earnings of foreign migrant labourers in sectors other than mining were also improved; more reliable information became available on the exports of uranium and electricity; and all the foreign reserves are now uniformly converted into rand at the middle market rates of exchange applicable at the end of a specific month.

New presentation of balance of payments statistics

With the publication of the revised balance of payments statistics the South African Reserve Bank has also changed the format in which these statistics are published in order to present balances which are more meaningful under present circumstances. Although nearly every country has its own way in which its balance of payments is published, two broad approaches may be distinguished, namely a presentation in which balances are not distinguished, and a presentation according to which certain balances are distinguished to facilitate the interpretation of the statistics. The Reserve Bank has decided to continue to follow the latter approach because individual balances provide a normative guide to the formulation of economic policy and, together with an analysis of the detailed items in the balance of payments and other aggregates in the national accounts, they are useful tools in the analysis of the current economic situation.

Former practice in South Africa

Up to this stage, three main balances were distinguished in the official tabulations of South Africa's

balance of payments, namely the balance on current account, net foreign capital movements, and changes in the gross gold and other foreign reserves. Although these balances may in turn be subdivided in various other balances, such as the trade balance, net invisible payments to the rest of the world, and net long-term capital movements, they formed the core of the presentation. The basic principle behind this presentation was to indicate the main reasons for a change in the gross gold and other foreign reserves. According to this presentation, a change in the gross gold and other foreign reserves is equal to the sum of the balance on current account and the net foreign capital movements. This format therefore implies that there is an overall surplus in the balance of payments if gross gold and other foreign reserves increase, or a deficit if these reserves decrease. For the formulation of fiscal and monetary policy, this presentation of the balance of payments is very useful, but it may also have been misleading at times when foreign liabilities are incurred with the specific aim to strengthen the foreign reserve position of the country. Thus, changes in the gross gold and other foreign reserves as shown in the former presentation of the balance of payments may have been obtained by compensatory borrowing by the authorities and consequently did not necessarily reflect an improvement in the overall balance of payments position. Although foreign borrowing of a compensatory nature occurred very seldom in the past, it became important during the last two years and it is, *inter alia*, for this reason that a new presentation will be given in future.¹

Not only changes in the gross gold and other foreign reserves, but also the balance on current account, may be misinterpreted. This balance shows whether a country lives within its means or not and, considered from the point of view of savings, to what extent an economy draws on foreign savings or provide domestic savings to foreign countries. The larger the deficit on current account, the more the country has to resort to finance its expenditure by means of foreign capital or to use its gold and other foreign reserves for this purpose. This balance has the advantage of being an integral part of the national accounts and as a rule is more stable in the short-run than most other balances. It is generally distinguished by most countries and is normally used by industrialised countries in setting balance of payments targets. However, a deficit or surplus on this account should be interpreted with care. A deficit on current account is not necessarily a bad thing, provided that it is financed by an inflow of foreign capital, particularly long-term, and does not lead to a depletion of the country's gold and other foreign reserves. Moreover, the balance on current account

1. This is also in accordance with the new principles of the International Monetary Fund, as the Fund is considering, in the revision of its *Balance of Payments Manual*, to distinguish liabilities related to reserves as a special item.

does not include all the more stable elements in the balance of payments, which is important in the determination of basic underlying trends.

Distinguishing only these three main balances may therefore lead to a misinterpretation of South Africa's balance of payments position at times when compensatory borrowing is important. The South African Reserve Bank has, therefore, decided on a new format for the publication of balance of payments statistics in which two other important balances are distinguished, namely the basic balance and changes in the net gold and other foreign reserves, also called the balance on official settlements.

The basic balance

The standard definition of the basic balance includes, above the line, the current account balance and the long-term capital balance (excluding special transactions). The aim with this balance is to emphasize the transactions that are influenced mainly by general economic forces or by continuing political objectives, i.e. those transactions that are relatively stable in the short-term and slow to adjust. This balance is, therefore, an indicator of the basic underlying trend in a country's balance of payments. Different definitions are used by countries that distinguish this balance. The United States introduced this balance in the late 1940's based on the assumption that foreign long-term capital movements are autonomous and foreign short-term capital movements equilibrating. From 1971 the basic balance in the USA was defined to include the balance on current account and the long-term capital balance, excluding changes in the long-term liabilities of the United States Government and commercial banks to foreign monetary authorities. However, in Germany, the United Kingdom and France this balance is defined to include all long-term capital flows without any exception. The latter approach also seems to be more appropriate in South Africa's case, as long-term capital movements are normally a stable element in the balance of payments. At the same time it is realised that certain short-term capital flows may be of a long-term nature and that certain long-term capital flows can be quite volatile. Although it is recognised that this balance, as any other single indicator of the balance of payments position, has certain disadvantages, it may in the case of South Africa serve as a guide to the determination of the basic underlying position in the balance of payments and is regarded as a useful addition to the existing balances identified.

Changes in the net gold and other foreign reserves

The South African Reserve Bank has also decided to include the changes in the net gold and other foreign reserves or, as it is also called, the balance on official settlements, in its new presentation of the balance of payments. The main purpose of the introduction of this concept is to exclude compensatory borrowing from

above the line and thus to obtain a balance which reflects the influence of purely balance of payments transactions on the country's gold and other foreign reserves. Changes in the net gold and other foreign reserves can therefore be obtained by adding to the basic balance, short-term capital movements which are not related to reserves, or by subtracting from the changes in the gross gold and other foreign reserves, the changes in the liabilities which are related to these reserves, i.e. compensatory financing and valuation adjustments.

Consequently, the introduction of this balance implies that the liabilities related to the gold and other foreign reserves must be distinguished as a separate category of capital movements. The definition of liabilities related to foreign reserves differs substantially from country to country. In the United Kingdom the balance on official settlements includes changes in liabilities to foreign monetary institutions which represent drawings and repayments of official United Kingdom short-term and medium-term borrowing in support of the reserves. In the United States these liabilities have been defined to include liquid liabilities of all *domestic* sectors to foreign official agencies, other readily marketable liabilities to foreign official agencies, and non-liquid liabilities of the United States Government to authorised foreign exchange dealers. In Germany all the central bank's foreign liabilities are included as well as certain liabilities of the Treasury to foreign official monetary institutions.

In South Africa's case it was decided that compensatory financing or liabilities related to the gold and other foreign reserves will best be represented by the total of all foreign short-term liabilities of the Reserve Bank and foreign short-term loans of the central government and monetary banking institutions from foreign banks and authorities.

Capital movements of public corporations and local authorities

In addition to the new balances, the Reserve Bank also decided to change its classification of net capital movements according to type of organisation. Formerly only two sectors were distinguished, namely the central government and banking sector, and the private sector. All capital movements of public corporations and local authorities were included under the private sector in accordance with the principles laid down by the International Monetary Fund in its *Balance of Payments Manual*. Although securities of public corporations and local authorities more closely resemble private corporate securities than central government securities, it was felt that it is more meaningful for analytical purposes to distinguish these organisations separately. In the new presentation, long-term and short-term capital movements of public corporations and local authorities are, therefore, shown separately from those of the private and central government and banking sectors.

Suid-Afrika se betalingsbalans, 1956–1975

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank hersien gereeld die land se betalingsbalansstatistiek vir die voorafgaande jaar of twee ten einde die gegewens wat ná die eerste ramings beskikbaar kom, in te sluit. As gevolg van veranderings in begrippe en definisies, ontwikkelings in die internasionale betalingstelsel en die voortdurende verbetering van die basiese gegewens, is dit van tyd tot tyd ook noodsaaklik om omvattende hersienings van die betalingsbalansreeks oor langer tydperke te maak ten einde vergelykbaarheid oor tyd te verseker. Die laaste groot hersiening van Suid-Afrika se kwartaallikse en jaarlikse betalingsbalansstatistiek is in die loop van 1970 gedoen en as 'n bylaag tot die *Kwartaalblad* van Maart 1971 gepubliseer. Sedertdien het die Reserwebank 'n tweede Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates opgeneem ten einde nuwe verwysingspunte vir die samestelling van Suid-Afrika se betalingsbalans en sy internasionale beleggingsposisie vas te stel. Sekere begrippe wat tot op daardie stadium in die samestelling van betalingsbalanssyfers gebruik is, is ook verander toe hierdie sensus t.o.v. 1973 opgeneem is. Hoofsaaklik weens die verbeterde statistiese gegewens wat uit die sensus verkry is, is daar besluit om die betalingsbalansstatistiek terug te hersien tot 1956, d.w.s. die jaar waarop die eerste Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates, betrekking het.

Die hersiene jaarlikse en kwartaallikse betalingsbalansstatistiek word in tabelle 1 tot 7 van hierdie Bylaag gepubliseer. Tabel 8 bevat hersiene maandelikse syfers van die goud- en ander buitelandse reserwes, wat nou gebaseer is op die eenvormige herleiding van alle buitelandse reserwes na rand teen die middelmarkwisselkoerse soos aan die einde van 'n bepaalde maand. Vantevore is verskillende metodes deur die onderskeie instellings in die herleiding van buitelandse reserwes na rand gevolg. Die aanbieding van die betalingsbalansstatistiek is ook in hierdie tabelle aansienlik gewysig. Alvorens laasgenoemde veranderings bespreek word, word 'n kort beskrywing gegee van die belangrikste verbeteringe aan die gegewens wat in die hersiening ingesluit is.

Verbeteringe aan die statistiese gegewens

Die huidige hersiening van Suid-Afrika se betalingsbalans poog om die betrouwbaarheid van die verskillende komponente so ver moontlik te verbeter. Soos hierbo aangedui is, is hierdie verbeteringe in besonder moontlik gemaak deur die resultate van die tweede Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates. Tot 1973 was die berekening van baie van Suid-Afrika se onsigbare betalings en ontvangste soos dividende, rente, taksaldo's, tantième, professionele dienste, reklame, filmhuur, direkteurstooie en hoofkantoor-

uitgawes, gebaseer op die resultate van die eerste Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates wat in 1957 opgeneem is en deur middel van jaarlikse en kwartaallikse steekproewe op datum gehou is. Met die verloop van tyd het die opmerkingsfaktore wat op grond van die eerste sensus vasgestel is, natuurlik minder betroubaar geraak. Dit het derhalwe noodsaaklik geword om weer 'n sensus op te neem ten einde nuwe verwysingspunte en nuwe opmerkingsfaktore vir die samestelling van bepaalde betalingsbalansreeks vas te stel. Die hersiene reeks van die betrokke onsigbare betalings en ontvangste is nou op die resultate van die eerste en tweede sensusse gegrond, in plaas van slegs op die resultate van die eerste sensus wat op datum gebring is met die jaarlikse steekproefopname.

Die definisie van die begrip regstreekse belegging is ook met die opneem van die tweede sensus verander, sodat die reeks van betalings en ontvangste ten opsigte van rente en dividende op sulke belegging sedert 1973 nie streng vergelykbaar was met die syfers vir die jare tot en met 1972 nie. In die eerste sensus is regstreekse belegging in die geval van buitelandse laste gedefinieer as *a/e* belegging van buitelanders in organisasies in Suid-Afrika waarin beheer vanuit die buitenland uitgeoefen is en, in die geval van buitelandse bates, as *a/e* belegging deur Suid-Afrikaanse inwoners in organisasies in die buitenland waarin beheer vanuit Suid-Afrika uitgeoefen is. In die tweede sensus is regstreekse belegging gedefinieer as (a) die totale belegging van buitelanders wat 'n beherende belang in organisasies in Suid-Afrika gehad het en die belegging, in hierdie organisasies, van hulle affiliale of verwante organisasies of persone in die buitenland; en (b) die totale belegging van Suid-Afrikaanse inwoners in organisasies in die buitenland waarin hulle 'n beherende belang gehad het en die belegging, in hierdie buitenlandse organisasies, van hulle affiliale en verwante organisasies of persone in Suid-Afrika. Die begrip regstreekse belegging in die tweede sensus was dus beperk tot belegging van die beherende persoon of organisasie, sy affiliale en verwante organisasies of persone, terwyl dit in die eerste sensus *a/e* belegging deur buitelanders in buitelandbeheerde Suid-Afrikaanse organisasies of *a/e* belegging deur Suid-Afrikaners in Suid-Afrikaansbeheerde buitenlandse organisasies ingesluit het. Die hersiene reeks van betalings en ontvangste van rente en dividende wat in tabel 4 gepubliseer word, is nou vergelykbaar oor tyd.

Bykomend tot die veranderings in die gegewens wat ontstaan het as gevolg van die tweede Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates, is toeristebesteding en -ontvangste ook aansienlik hersien. Voorheen is inligting oor toeristebesteding en -ontvangste verkry uit 'n opgawe wat deur buitelandse toeriste by hul vertrek uit Suid-Afrika, en deur terugkerende Suid-

Afrikaanse inwoners by hul aankoms in Suid-Afrika verstrek is. In die ontleding van die inligting wat op hierdie wyse bekom is, het dit toenemend duidelik geword dat hierdie gegewens minder betroubaar geraak het. Gevolglik is daar teen die einde van 1974 'n opname van buitelandse toeristebesteding in Suid-Afrika gemaak en die resultate van hierdie opname is gebruik om die gegewens oor buitelandse toeristebesteding in Suid-Afrika te hersien. Die besteding deur Suid-Afrikaanse toeriste in die buitenland is ook hersien deur slegs volledig-voltooide opgawes deur Suid-Afrikaners by hul terugkeer na die land in aanmerking te neem.

Verfynings is ook aan ander betalingsbalansstatiek aangebring, soos byvoorbeeld die gegewens oor passasiersgelde wat nou gebaseer word op inligting wat van die onderskeie lugrederye bekom word; gegewens oor die verdienste van buitelandse trekarbeiders in ander sektore as die mynbou wat ook verbeter is; meer betroubare inligting oor die uitvoer van uraan en elektrisiteit wat beskikbaar gekom het; en al die buitenlandse reserwes word nou eenvormig na rand herleid teen die middelmarkwisselkoerse wat aan die einde van 'n bepaalde maand van toepassing is.

Nuwe aanbieding van betalingsbalansstatistiek

Met die publikasie van die hersiene betalingsbalansstatistiek het die Suid-Afrikaanse Reserwebank ook die vorm waarin hierdie gegewens aangebied word gewysig ten einde saldo's te toon wat onder heersende omstandighede meer betekenisvol is. Alhoewel feitlik elke land sy eie metode het waarvolgens sy betalingsbalans gepubliseer word, kan twee breë benaderings onderskei word, naamlik 'n aanbieding waarvolgens saldo's nie onderskei word nie, en 'n aanbieding waarvolgens tussen sekere saldo's onderskei word ten einde die interpretasie van die gegewens te vergemaklik. Die Reserwebank het besluit om laasgenoemde benadering te volg aangesien individuele saldo's 'n normatiewe riglyn vir die formulering van ekonomiese beleid daar stel en, tesame met 'n ontleding van die gedetailleerde poste in die betalingsbalans en ander groothede in die nasionale rekeninge, bruikbare hulpmiddels in die ontleding van die heersende ekonomiese toestand is.

Vroeëre gebruik in Suid-Afrika

Tot op hierdie stadium is drie hoofsaldo's in die amptelike aanbieding van Suid-Afrika se betalingsbalans onderskei, naamlik die saldo op die lopende rekening, netto buitenlandse kapitaalbewegings en veranderings in die bruto goud- en ander buitenlandse reserwes. Alhoewel hierdie saldo's elk weer in verskillende ander saldo's onderverdeel kan word, soos byvoorbeeld die handelsbalans, netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld en netto langtermynkapitaalbewegings, vorm hulle die kern van die aanbieding. Die basiese beginsel onderliggend aan hierdie aanbieding was om

die hoofredes vir 'n verandering in die bruto goud- en ander buitenlandse reserwes aan te du. Volgens hierdie aanbieding is 'n verandering in die bruto goud- en ander buitenlandse reserwes gelyk aan die som van die saldo op die lopende rekening en die netto buitenlandse kapitaalbewegings. Hierdie benadering impliseer dus dat daar 'n totale oorskot op die betalingsbalans is indien die bruto goud- en ander buitenlandse reserwes toeneem, of 'n tekort indien die reserwes afneem. Vir die formulering van monetêre en fiskale beleid is hierdie aanbieding van die betalingsbalans baie nuttig, maar dit kan ook misleidend wees in tye wanneer buitenlandse laste aangegaan word met die spesifieke doel om die land se buitenlandse reserweposisie te versterk. So kon veranderings in die bruto goud- en ander buitenlandse reserwes wat in die vorige aanbieding van die betalingsbalans getoon is, die gevolg van kompenserende lenings deur die owerhede gewees het en het dit gevvolglik nie noodwendig 'n verbetering in die totale betalingsposisie weerspieël nie. Alhoewel buitenlandse lenings van 'n kompenserende aard in die verlede baie min voorgekom het, het dit in die afgelope twee jaar belangrik geword en word daar ondermeer om hierdie rede 'n nuwe aanbieding in die toekoms gegee.¹

Dit is nie slegs veranderings in die bruto goud- en ander buitenlandse reserwes wat verkeerd vertolk kan word nie, maar ook die saldo op die lopende rekening. Hierdie saldo toon aan of 'n land binne sy vermoë lewe of nie, en, uit die oogpunt van besparing beskou, in watter mate 'n volkshuishouding buitenlandse besparing gebruik of binnelandse besparing aan die buitenland voorsien. Hoe groter die tekort op die lopende rekening, hoe meer sal 'n land buitenlandse kapitaal of van sy goud- en ander buitenlandse reserwes moet gebruik om sy besteding te finansier. Die voordeel van hierdie saldo is dat dit 'n integrale deel van die nasionale rekeninge vorm en dat dit gewoonlik oor die korttermyn meer stabiel as meeste ander saldo's is. Dit word in die algemeen deur die meeste lande onderskei en word normaalweg deur die nywerheidslande gebruik om betalingsbalansdoelwitte te stel. 'n Tekort of 'n surplus op hierdie rekening moet egter versigtig vertolk word. 'n Tekort op die lopende rekening is nie noodwendig nadelig nie, op voorwaarde dat dit deur 'n invloeiing van buitenlandse kapitaal, in besonder langtermynkapitaal, gefinansier word, en dat dit nie tot 'n uitputting van die land se goud- en ander buitenlandse reserwes lei nie. Verder sluit die saldo op die lopende rekening nie al die meer stabiele elemente, wat belangrik is by die bepaling van die basiese onderliggende neigings van die betalingsbalans, in nie.

Deur slegs hierdie drie hoofsaldo's te onderskei, kan gevvolglik lei tot 'n verkeerde vertolking van Suid-Afrika

1) Dit is ook in ooreenstemming met die beginsels van die Internasionale Monetêre Fonds aangesien die Fonds dit oorweeg om in die hersiening van sy Betalingsbalanshandleiding laste verwant aan reserwes as 'n afsonderlike pos te onderskei.

se betalingsbalansposisie in tye wanneer kompenseerende lenings van belang is. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het dus besluit om 'n nuwe uiteensetting vir die publikasie van betalingsbalansstatistiek te gebruik, waarin twee ander belangrike saldo's onderskei word, naamlik die basiese saldo en veranderings in die netto goud- en ander buitelandse reserwes wat ook die saldo op amptelike verrekenings genoem word.

Die basiese saldo

Die standaard definisie van die basiese saldo sluit bokant die lyn die saldo op die lopende rekening en die langtermynkapitaalsaldo (uitgesonderd spesiale transaksies) in. Die doel met hierdie saldo is om die transaksies te beklemtoon wat hoofsaaklik beïnvloed word deur algemene ekonomiese kragte of deur voortgesette politieke doelwitte, d.w.s. daardie transaksies wat op die korttermyn betreklik stabiel is en wat stadig aanpas. Hierdie saldo is dus 'n maatstaf van die basiese onderliggende neiging in 'n land se betalingsbalans. Verskillende definisies word gebruik deur lande wat hierdie saldo onderskei. Die Verenigde State het hierdie saldo in die laat veertigerjare ingestel, gebaseer op die aanname dat buitelandse langtermynkapitaalbewegings outonom en buitelandse korttermynkapitaalbewegings gelykmakend van aard is. Vanaf 1971 is die basiese saldo in die VSA gedefinieer as die saldo op die lopende rekening en die langtermynkapitaalsaldo uitgesonderd veranderings in die langtermynverpligte van die regering van die Verenigde State en handelsbanke teenoor buitelandse monetêre owerhede. In Duitsland, die Verenigde Koninkryk en Frankryk word hierdie saldo egter gedefinieer om alle langtermynkapitaalbewegings, sonder uitsondering, in te sluit. Laasgenoemde benadering skyn ook meer toepaslik te wees in Suid-Afrika se geval, aangesien langtermynkapitaalbewegings normaalweg 'n stabiele element in die betalingsbalans is. Terselfdertyd word dit besef dat sekere korttermynkapitaalbewegings van 'n langtermyn-aard en sekere langtermynkapitaalbewegings taamlik onbestendig kan wees. Alhoewel dit besef word dat hierdie saldo, soos enige ander enkele aanwyser van die betalingsbalansposisie, sekere nadele het, kan dit in die geval van Suid-Afrika dien as 'n maatstaf van die basiese onderliggende posisie in die betalingsbalans en word dit beskou as 'n nuttige toevoeging tot die bestaande saldo's wat geïdentifiseer word.

Veranderings in die netto goud- en ander buitelandse reserwes

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het ook besluit om die veranderings in die netto goud- en ander buitelandse reserwes of, soos dit ook bekend is, die saldo op amptelike verrekenings, in die nuwe aanbieding van die betalingsbalans in te sluit. Die hoofdoel met die invoering van hierdie begrip is om bokant die lyn kompenseerende lenings uit te sluit en sodoende 'n saldo te verkry wat die invloed van suiwer betalingsbalanstransaksies

op die land se goud- en ander buitelandse reserwes weerspieël. Veranderings in die netto goud- en ander buitelandse reserwes kan dus verkry word deur korttermynkapitaalbewegings wat nie verwant is aan reserwes nie by die basiese saldo te tel, of deur veranderings in die laste wat wel verwant is aan reserwes, d.w.s. kompenserende finansiering, en waardasie-aansuiwerings van veranderings in die bruto goud- en ander buitelandse reserwes at te trek.

Die invoering van hierdie saldo impliseer gevvolglik dat die laste wat verwant is aan die goud- en ander buitelandse reserwes onderskei moet word as 'n afsonderlike kategorie van kapitaalbewegings. Die definisie van laste wat verwant is aan buitelandse reserwes verskil aansienlik van land tot land. In die Verenigde Koninkryk sluit die saldo op amptelike verrekenings veranderings in verpligte teenoor buitelandse monetêre instellings, wat trekkings en terugbetalings van amptelike kort- en middeltermynlenings van die Verenigde Koninkryk ter ondersteuning van die reserwes verteenwoordig, in. In die Verenigde State is hierdie laste gedefinieer om likwiede verpligte van alle *binnelandse* sektore teenoor buitelandse amptelike instellings, ander geredelik bemarkbare verpligte teenoor buitelandse amptelike instellings en nie-likwiede verpligte van die regering van die Verenigde State teenoor gemagtigde valutahandelaars in te sluit. In Duitsland word al die sentrale bank se buitelandse laste ingesluit, asook sekere verpligte van die Tesourie teenoor buitelandse amptelike monetêre instellings.

In Suid-Afrika se geval is besluit dat kompenserende finansiering of laste verwant aan die goud- en ander buitelandse reserwes, die beste verteenwoordig sal word deur die totaal van alle korttermyn buitelandse laste van die Reserwebank en korttermyn buitelandse lenings van die sentrale regering en monetêre bankinstellings vanaf buitelandse banke en owerhede.

Kapitaalbewegings van openbare korporasies en plaaslike owerhede

Benewens die nuwe saldo's, het die Reserwebank ook besluit om sy groepering van netto kapitaalbewegings volgens tipe organisasie te verander. Voorheen is net twee sektore onderskei, naamlik die sentrale regering en banksektor, en die private sektor. Alle kapitaalbewegings van openbare korporasies en plaaslike owerhede is onder die private sektor ingesluit in ooreenstemming met die beginsels neergelê deur die Internasionale Monetêre Fonds in sy *Balance of Payments Manual*. Alhoewel effekte van openbare korporasies en plaaslike owerhede nouer ooreenstem met effekte van private maatskappye as dié van die sentrale regering, is dit as meer betekenisvol vir ontledingsdoelēndes beskou om hierdie organisasies afsonderlik te onderskei. In die nuwe aanbieding word lang- en korttermynkapitaalbewegings van openbare korporasies en plaaslike owerhede gevvolglik afsonderlik van dié van die private en sentrale regering en banksektore aangetoon.

Contents

Inhoudsopgawe

Statistical tables

<i>Table</i>		<i>Page</i>
1	Balance of payments: Annual figures	A 1–2
2	Balance of payments: Quarterly figures	A 3–10
3	Seasonally adjusted balance of payments on current account: Quarterly figures at an annual rate	A 11–12
4	Balance of payments items: Services and transfers	A 13–14
5	Balance of payments items: Private capital movements	A 15–16
6	Balance of payments items: Capital movements of the central government and banking sector	A 17–18
7	Balance of payments items: Capital movements of public corporations and local authorities	A 19
8	Gross gold and other foreign reserves	A 20–24

General notes

- * denotes preliminary figures
— denotes value equal to nil
0 denotes value equal to less than half the digit shown

Statistiese tabelle

<i>Tabel</i>		<i>Bladsy</i>
1	Betalingsbalans: Jaarsyfers	A 1–2
2	Betalingsbalans: Kwartaalsyfers	A 3–10
3	Betalingsbalans in lopende rekening na uitskakeling van seisoensinvloed: Kwartaalsyfers teen 'n jaarlikse koers	A 11–12
4	Betalingsbalansposte: Dienste en oordragte	A 13–14
5	Betalingsbalansposte: Private kapitaalbewegings	A 15–16
